NG Waverley

Sondag 4 Oktober 2009

Johannes 13:34-35

Die handelsmerk van die kerk.

Hierdie is die handelsmerk van ‘n Toyota. Hierdie teken is nie ‘n Toyota, hierdie is net die kenteken of handelsmerk van Toyota. Toyota is ‘n kar of karre en hierdie teken is bedoel om jou daaraan te laat dink dat wanneer jy ‘n kar wil koop, dink heel eerste aan Toyota.

Toyota het met die verloop van jare ‘n reputasie opgebou wat maak dat mense dit as ‘n baie betroubare kar beskou. Hierdie handelsmerk verteenwoordig sekere waardes soos: Betroubaarheid; gehalte en waarde vir jou geld. As gvevolg van die goeie reputasie wat Toyota opgebou het, het mense in 2008 Toyotas gekoop as enige ander maak.

Hierdie is die handelsmerk van Nestlè. Nestlè verkoop veral sjokolade en babakosse. Weereens, hierdie teken is nie sjokolade of babakosse nie, maar hierdie teken laat jou dink aan sjokolade en babakosse en is bedoel om jou sover te kry dat wanneer jy aan sjokolade of babakosse dink, dat jy heel eerste aan Nestlè sal dink.

Nestlè het ook met die verloop van jare ‘n baie goeie reputasie van kwaliteit en voedingswaarde opgebou met betrekking tot die sjokolade en verskeie baba produkte vir alledaagse gebruik in die huis.

Nou het daar in hierdie week ‘n baie slegte ding met Nestlè gebeur, hulle jare lange reputasie het erge skade gely. Ons het in die koerante gelees en oor die TV gesien dat Nestlè byna al Grace Mugabe, die vrou van Robert Mugabe van Zimbabwe se melk vir hulle produkte koop. Robert Mugabe is ‘n tiran en ‘n diktator met geen gevoel of respek vir sy eie mense of enige ander mense het nie en skuldig aan verskeie menseregte vergrype in Zimbabawe. Die hele wêreld oefen op hierdie stadium druk op Mugabe uit om te verander sodat die omstandighede van die mense in Zimbabwe kan verander, en nou ondersteun Nestlè hierdie man in sy persoonlike hoedanigheid, en die wêreld is kwaad. Toe hierdie nuus bekend word, het die mense onmiddelik met ‘n boikot begin en miljoene mense dwarsoor die wêreld het oornag opgehou om Nestlê produkte te koop. Donderdag het verskeie teoloë ook begin vra vir ‘n verbruikersboikot teen Nestlè. Maar, hoe sal mense watter produkte om nie te koop nie? Hulle sal hierdie handelsmerk soek en die oomblik wat hulle hierdie handelsmerk op ‘n produk sien, sal hulle weet, dit is die produk wat ek nie moet koop nie.

Maar, nou het hierdie interessante ding gebeur. Nestlé het Vrydag aangekondig dat hulle nie meer melk by Grace Mugabe gaan koop nie. Hulle wil nie hê mense moet heel eerste aan Grace Mugabe dink wanneer hulle Nestlé se handelsmerk sien nie. Hulle handelsmerk is vir hulle so belangrik, dat hulle dadelik die saak reggestel het. Maar, die skade is in ‘n groot mate gedoen en Nestlè gaan nog ‘n rukkie lank sukkel voordat hulle weer al hulle kliënte teruggewen het.

Toyota en Nestlè voorsien in mense se behoeftes. Toyota is een maak van karre tussen baie ander. Nestlè is een sjokolade maak tussen baie. Die doel van die handelsmerk is: As jy ooit daaraan dink om 'n kar te koop, dink eerste aan Toyota. As jy lus voel vir stukkie sjokolade, dink heel eerste aan Nestlè.

So voorsien elke produk in sekere behoeftes. Die kerk is ook bedoel om in mense te behoeftes te voorsien. En die Here het die kerk gegee sodat as mense ooit hierdie spesifieke behoefte ontwikkel dan moet hulle heel eerste aan die kerk dink.

Hierdie behoefte is verhoudings. God het die mens vir verhoudings geskep. God het die mens geskep om in 'n intieme en nebay verhouding met Hom en met mekaar lewe. Die sondeval het God se skeppingsdoel kom beskadig en nou leef God en mens en mens en mens nie meer in hierdie intieme en naby verhouding nie. Maar, die mens se behoefte aan intieme verhoudings is deur al die eeue nog steeds daar. Reg van die begin af God hierdie gebroke verhouding weer reg maak en daarom het Hy sy Seun Jesus gegee om deur sy lewe en sterwe mense met Homself en met mekaar versoen. Hy het die wêreld so lief gehad dat Hy sy eie Seun gegee het om die versoening te bewerk.

Die kerk is bedoel as die plek waar stukkende verhoudings weer heel gemaak sou word en mense se verhoudings met God en met mekaar herstel sou word. In die kerk sou mense weer beleef wat dit beteken om in verhoudings te leef soos God dit aanvanklik bedoel het.

God het vir die kerk ook 'n handelsmerk gegee. Wanneer mense hierdie handelsmerk sien, dan moet hulle daaraan dink dat God mense met Homself en met mekaar versoen het. Wanneer mense dan 'n behoefte aan 'n naby en intieme verhoudings het, moet hulle heel eerste aan die kerk dink.

So het Jesus die handelsmerk van die kerk bekendgestel:

"Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is." (Johannes 13:34-35)

Wat is die eerste ding waaraan mense dink wanneer hulle die verhoudings tussen die volgelinge van die Here Jesus sien? Is die kerk die eerste plek waaraan mense dink wanneer hulle op soek is na betekenisvolle verhoudings?

Kom ons doen gou so 'n bietjie voorraadopname van die kerk.

In Nuwe Testamentiese tye en vir baie jare daarna het die verhoudings tussen gelowiges 'n goeie handelsmerk vir die kerk en was die kerk die plek waarheen mense gegaan het wanneer hulle op soek was na betekenisvolle verhoudings en so was daar was nog altyd in die geskiedenis kerke en gemeentes waar die verhoudings tussen die volgelinge van die Here Jesus mense na die kerk toe getrek het.

Maar, hoe lyk die kerk oor die algemeen se reputasie vandag? Waaraan dink die mense heel eerste wanneer hulle na die verhoudings in die kerk en tussen gelowiges kyk?

Oor die laaste paar maande was daar in die koerant en die radio en die TV verskeie gesprekke oor strydpunte in die kerk waaraan hoofsaaklik Christene deelgeneem het. Strydpunte soos:

Het Jesus uit die dood opgestaan of nie;

moet ons gesange in die kerk sing of nie;

moet ‘n vrou ook ‘n dominee wees of nie.

Hierdie week op aardklop is ‘n nuwe strydpunt begin oor of Noag werklik gelewe het of nie. Jaco Strydom het ‘n reuse debat ontlok met sy opmerking dat ryk gemeentes hulle kerkgeboue moet verkoop en armes help en dat mense eers hulle skuld by God moet betaal voordat hulle hulle skuld by mense betaal.

Al hierdie gesprekke is hoofsaaklik gesprekke tussen gelowiges en natuurlik mag daar sulke gesprekke gevoer word, maar hoe word hierdie gesprekke tussen die volgelinge van die Here Jesus gevoer? Doen moeite en gaan lees vandag of more in die koerant die trant van die meeste briewe hieroor. Getuig die manier waarop hierdie gesprekke gevoer word van liefde en versoening en vedraagsaamheid tussen gelowiges, of getuig dit eerder van verdeeldheid en veroordeling en hoogmoed en stryd tussen volgelinge van die Here Jesus? Hoe lyk die handelsmerk van God se kerk nou?

Maar dit gaan nie net oor gesprekke nie, dit gaan ook oor die dinge wat in die praktyk gebeur. In Coligny is ‘n dominee in ‘n gay verhouding betrap. Die gesprek oor die dominee wat betrap is, is nou al verby, nou is dit die jare lange stryd tussen hierdie dominee en die dominee in die buur gemeente waaroor die gesprek gaan. Hoe lyk die handelsmerk van God se kerk nou?

Ek is daarvan oortuig dat as jy mooi gaan nadink, gaan jy dalk ook in ons eie gemeente en in jou verhouding met ander Christene soortgelyke verskille ontdek. Verskille wat eerder getuig van verdeeldheid en veroordeling en en hoogmoed en stryd. Dalk is jy nie self hierby betrokke nie, maar jy is baie bewus van sulke verskille.

Natuurlik sal daar altyd verskille tussen gelowiges wees, maar dit gaan meer oor die manier waarop ons met mekaar verskil as oor die verskille self. Sulke verskille en die manier waarop dit hanteer word, bly nooit in die kerk en in die gemeente nie. Elkeen van ons ken mense wat nie in die kerk is nie en meeste van ons is selfs vriende met sulke mense en ons noem so terloops van hierdie geveg in die kerk sonder die bedoeling om kwaad te saai of die kerk sleg te maak nie, en hulle neem dit verder sonder om dit doelbewus negatief te bedoel en so word die beeld van die kerk al hoe meer skade gedoen. Nie omdat mense met ander oor die kerk praat nie, maar omdat mense in die kerk nie in liefde met mekaar kan saamleef nie.

Ons moenie mense vra om nie die kerk met mense buite die kerk te bespreek nie, inteendeel ons moet hulle aanmoedig, want as verhoudings binne die kerk en binne ons gemeente regkom, dan wil ons hê mense moet praat.

Ons gemeente se logo sê ook iets van die handelsmerk van die kerk. Die logo is ‘n huisgesin met pa en ma en kinders rondom die kruis. Die logo sê: Die kruis van die Here Jesus bind ons saam in bande wat so heg is soos die bande binne ‘n gesin. Ons het mekaar lief.

Sê nou ek en jy moes vanoggend hierdie vraag beantwoord: Wat is die eerste ding waaraan die mense in Waverley en in die Moot dink wanneer hulle “NG Waverley” hoor? Dink aan dinge soos: ons het twee bedieningspunte, Cunninghamlaan en 30ste laan; ons het in die kwartaal twee eredienste in Cunninghamlaan nog een erediens in 30stelaan; daar is al die verskillende dinge wat

ons doen: Ons hou basaar en ons hou uitreike en ons werk met die jeug en ons werk met bejaardes en ons werk met kleingroepe en ons samel geld in en ons hou kuier geleenthede en so sou ons kon aangaan en aangaan. Wat is die eerste ding waaraan ons as lidmate dink wanneer ons "NG Gemeente Waverley" hoor? Wat is die eerste ding waaraan die mense dink wanneer hulle NG Waverley hoor? Waaraan het jy nou alles gedink toe ek hierdie dinge opgenoem het?

Dit beteken nie dat alles sleg is en dat alle verhoudinge stukkend is nie, dit beteken net dat ons nooit mag vergeet dat onderlinge verhoudings die handelsmerk van die kerk is en dat ons moet seker maak dat die handelsmerk van die kerk in ons gemeente 'n goeie reputasie het.

God se bedoeling was dat mense heel eerste aan die kerk sou dink as 'n plek waar hulle betekenisvolle verhoudings kan beleef omdat die die handelsmerk van liefdevolle verhoudings mense se oog gevang het.

Ons kan op twee maniere hierop reageer. Die een manier is om te sê: Niemand is volmaak nie, so kom ons maak die beste van 'n slegte saak. Die tweede manier is om te sê: Verdeeldheid, onverdraagsaamheid en 'n gebrek aan liefde beskadig nie net die beeld van die kerk na buite nie, dit is ook nie tot eer van die Here nie en dit maak dat die kerk nie die rol op aarde kan speel wat die Here bedoel het die kerk moet speel nie. Daarmee saam sou ons kan sê: Ons sal nooit klaar gewerk wees aan hierdie handelsmerk van God se kerk nie. Ons sal altyd daaraan moet bly werk.

Mense moet na die kerk kyk en dink: Ek wil verhoudings beleef soos daardie mense veghoudings beleef.

Baie kere vra mense egter: Hoekom sal ek jou Here Jesus wil ken as julle so met mekaar saam lewe? Moenie vir my vertel hoe lief die Here my het nie, ek wil sien hoe lief julle mekaar het sodat ek kan besluit of ek deel wil word van die kerk. Daarom die uitdrukking: Jou lewe praat so hard, ek kan nie 'n woord hoor wat jy sê nie.

Dalk moet ons erken dat die kerk nie die heel eerste plek is waaraan mense dink wanneer hulle op soek is na mooi verhoudings nie.

Mense se behoefte aan betekenisvolle verhoudings sal vir altyd daar wees, dit is hoe God ons gemaak het. God het die kerk gegee as plek waar daardie behoefte van die mens vervul kan word. As die kerk nie die plek is waar hierdie verhoudings gebeur nie, gaan hulle dit op 'n ander plek soek. Hulle gaan soek totdat hulle dit kry.

Goeie verhoudings maak mense se lewe beter. Mense is gelukkiger en meer ontspanne en gesonder en leef langer en presteer beter en beteken meer vir ander. Met ander woorde: Mense wat in goeie verhoudings met mekaar saam lewe, maak van hierdie wêreld 'n beter plek.

In 'n sekere sin is ons in dieselfde situasie as wat Nestlé was en steeds is: Ons handelsmerk het skade gely en ons sal aanpassings moet maak voordat dit te laat is. Nestlé moes ophou om Mugabe se melk te koop. Ons sal moet begin om mekaar lief te hê. Netslè gaan waarskynlik 'n nuwe bemarkingsveldtog begin om die skade teen te werk. Ons sal ook 'n nuwe bemarkingsveldtog moet loods om 'n herstelde handelsmerk vir die wêreld te wys.

LIEFDE IS 'N GEBOD

Jesus sê: **“Ek gee julle ‘n nuwe gebod.”** Hierdie nuwe gebod is nie minder belangrik as: jy mag nie die Naam van die Here ydelik gebruik nie; jy mag nie steel nie; jy mag nie begeer nie. Hierdie gebod vervang in ‘n sekere sin al die ander gebooie – dit is ‘n nuwe gebod. Om mekaar lief te hê is ‘n wet. Jy mag dit nie oortree nie. Jy moet hierdie gebod te alle tye gehoorsaam. **“Julle moet mekaar liefhê.”** As jy nie hierdie opdrag gehoorsaam nie, dan mis jy jou lewensdoel. Jy is deel van die handelsmerk van God se kerk, jy is deel van God se versoeningsplan. Deur jou en my en elke ander een hierdie gemeente en deur ons as gemeente wil God mense met Homself en met mekaar versoen.

Die wêreld ken die boodskap van Jesus Christus wat aan die kruis gesterf het en dat ons sê dat Hy die Seun van God is wat mens geword het, maar almal wat weet glo dit nie noodwendig nie. Hulle koop nie die produk nie omdat die handelsmerk ‘n slegte reputasie het. Die wêreld weet die volgelinge van die Here Jesus is veronderstel om mekaar lief te hê en hulle beoordeel die kerk in terme van hierdie nuwe gebod wat Jesus gegee het.

As die kerk volgens die wêreld se oordeel nie die toets van onderlinge liefde slaag nie, dan veroordeel die wêreld die kere en die ergste daarvan is, dan verdien ons die veroordeling van die wêreld. Soms gebruik die Here die wêreld om ons aan te spoor om Hom te gehoorsaam.

Ons kan verskillende verskonings uitdink, soos: “Ons is ook maar net mense en nie minder onvolmaak as julle nie.”, maar op die ou end kan ons nie anders as om vir mekaar te sê: “Ons ongehoorsaamheid doen hierdie handelsmerk baie groot skade aan en is nie tot eer van die Here nie.” Omdat ons ongehoorsaam is sien die wêreld die kerk nie as ‘n plek waar in hulle verhoudingsbehoeftes voorsien kan word nie.

God het die mens geskep om altyd op soek te wees na opbouende ewn betekenisvolle verhoudings en God het die kerk gegee as die plek waar daardie verhoudings geleef en beleef kan word, wat mense sal uitnooi om hulle behoeftes aan liefde te vervul. Wanneer die wêreld aan die kerk dink moet hulle dink: Daar het mense mekaar regtig lief, dit is waar ook wil wees en wat ek ook wil beleef.

LIEFDE IS ‘N MOEILIKE GEBOD

“Soos ek julle liefhet, moet julle mekaar liefhê.”

Sou dit nie wonderlik gewees het as Jesus net gesê het: “’Ek gee julle ‘n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê.” nie. As Hy dit gedoen het, sou gehoorsaamheid aan die nuwe gebod soveel makliker gewees het. Na daardie paar woorde kon elkeen dan self besluit het hoe ons dit wil verstaan en hoe ons die opdrag wil gehoorsaam.

Hoe sou ons liefde dan verstaan het? Dalk iets soos:

> My liefde vir my medegelowiges is goed genoeg as ek Sondag-oggend saam met hulle in die kerk is, dalk so ‘n paar woorde met hulle praat en dan weer huistoe gaan.
>
> Of, as ons so met mekaar saam lewe dat ons beskaafd teenoor mekaar optree.

Of: As ons agterkom daar is spanning tussen twee groepe, dan reël ons die dinge so dat die twee groepe wat van mekaar verskil (Ons kan tog nie in die kerk van strydende partye praat nie) uit mekaar gehou word, ter wille van die vrede en al sulke dinge.

Ek dink Jesus het die mens goed genoeg geken om te weet Hy moet nie daar stop nie. Jesus gee ‘n voorbeeld waarvolgens ons met mekaar moet saam lewe: **“Soos Ek julle lief het!”** Jesus sê hóé ons mekaar moet liefhê en ook hoevéél ons mekaar moet liefhê.

Daarom is hierdie nuwe gebod ‘n moeilike gebod. **“Soos ek julle liefhet, moet julle mekaar liefhê.”**

Hóé het Jesus sy dissipels liefgehad? Dink aan:

die geduld waarmee Hy vir Petrus hanteer het, wanneer hy in sy kleingeloof sink en in ongehoorsaamheid die soldaat se oor afkap en Jesus drie keer verloën;

die teerheid waarmee Hy die vrou wat in owerspel betrap is hanteer het;

hoe hy die melaatse man aangeraak het;

hoe Hy sy dissipels ten spyte van hulle onvolmaaktheid deel van sy groep gemaak het;

hoe Hy Nikodemus, een van sy opponente, in die nag ontvang het om vir hom te verduidelik waaroor sy lewe gaan.

Dink ook aan hoevéél Hy lief gehad het:

Hy het sy verraaier se voete gewas;

dink aan die hale op sy rug nadat die soldate Hom geslaan het en die doringkroon in sy kop ingedruk het en die wonde in sy sy nadat die soldaat sy spies daarin gesteek;

dink aan die man langs Hom aan die kruis vir wie Hy gebid het;

dink aan die soldate wat Hom gekruisig het vir wie Hy gebid het: “Vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie.”

Ons moet mekaar liefhê soos Jesus ons liefhet en soveel as wat Jesus ons liefhet.

Liefhê is ‘n opdrag, ‘n moeilike opdrag, maar steeds ‘n opdrag. Ons kan nie sê: “Maar Here, dit is onmoontlik om lief te hê soos U liefgehad het.” Dit maak nie saak nie, ons mag nooit ophou probeer nie. Ons mag nooit ophou om ons self te ondersoek en te vra waar en wanneer het ek nie liefgehad soos ek moes nie. Dit bly ‘n opdrag wat ek nie anders kan as om te gehoorsaam nie, selfs al is dit ‘n moeilike, ja selfs die moeilikste van alle opdragte wat daar is. Dikwels, dalk meeste van die tyd vra dit dat ek weer heel voor sal begin om my medegelowige lief te hê soos Jesus my lief geahd het en steeds het.

LIEFDE IS ‘N HERKENBAAR MOEILIKE GEBOD

“As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle my dissipels is.” (Johannes 13:35)

Hoekom moet ons dit gehoorsaam? Want dit is die manier waarop die mense sal weet dat ons volgelinge van die Here Jesus is. Hulle sal sien en hulle sal weet. Hulle sal sien en hulle sal weet die kerk is die plek waarheen ‘n mens gaan as jy op soek is na betekenisvolle verhoudings. Hulle sal na ons kyk en hulle sal die handelsmerk van die kerk raaksien en die kerk sal wees wat God bedoel het die kerk moet wees.

Ons moet gehoorsaam, want hierdie liefde is die handelsmerk van God se kerk en God se koninkryk. Wanneer mense hierdie liefde sien, dan sal hulle kom want hulle sal deel wil wees van diue huisgesin van God waar hierdie liefde geleef word en mense met God en met mekaar versoen is.

Hóé sal mense weet dat ons volgelinge van die Here Jesus en kinders van die lewende God is? **“As julle liefhet soos Ek liefhet!”**

Mense sal nie weet dat ek ‘n volgeling van die Here Jesus is omdat ek die regte klere dra of die tekens of die simbole op my klere of my kar het, maar hulle sal weet dat ek ‘n volgeling van die Here Jesus is as hulle sien dat ek ander liefhet soos Hy my liefhet.

Dit gaan nie eers oor die regte teologie nie, of die manier waarop ons erediens hou of die liedere wat ons sing of die musiekinstrumente wat ons gebruik of enige iets anders nie, dit gaan oor mense wat ek liefhet soos Jesus my liefhet. Dit maak nie saak watter liedere ek sing of ‘n vrou ook ‘n dominee mag wees nie. Al hierdie dinge is belangrik, maar as ek moet kies tussen teologiese korrektheid en liefde, dan kies ek liefde; as ek moet kies tussen die verskillende maniere van erediens hou en verskillende instrumente en klere en al sulke dinge en liefde, dan moet ek weer en weer die liefde kies. Die belangrikste gebod is: Julle moet mekaar liefhê soos Hy ons liefhet – wanneer dit gebeur sal mense dit sien, ons sal dit nie kan wegsteek nie.

Hierdei verskille oor al hierdie dinge gaan vir die res van ons lewens met ons wees. Ons moet met mekaar daaroor praat, maar ons moet dit in ‘n gesindheid van liefde doen. Indien dit nie meer kan gebeur nie, dan moet ons vra of dit nog enigsins die moeite werd is om die gesprek te voer.

Mense sal verkies om nooit weer te hoor hoe Jesus hulle liefhet nie, maar hulle sal graag wil sien hoe Jesus se liefde mense se lewens verander het en steeds besig is om te verander. Hulle wil sien hoe mense hierdie baie moeilike gebod van liefde so uitleef dat mense dit sal kan sien, dit sal laat dink aan die Een wat in sy groot liefde vir alle mense gesterf het. Hulle wil sien hoe mense se liefde vir God en liefde vir mense van hulle beter mense maak. Mense wat gelukkiger as as mense wat nie in Jesus glo nie; mense wat beter presteer en gesonder is en ‘n groter verskil maak.

Wanneer ons dartoe kom om mekaar net so lief te hê as wat Jesus ons het, gaan die mense ‘n onverstaanbare liefde sien.

Mense verstaan nie ‘n liefde waar mense vir hulle vyande bid soos Jesus vir die Romeinse soldate wat Hom gekruisig het gebid het “Vader vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie.”nie, maar hulle wil wel graag so ‘n liefde sien en beleef.

Hulle kan nie ‘n liefde verstaan wat die ander wang draai en die ekstra myl loop en ook ‘n bokleed gee as iemand ‘n onderkleed vra, maar hulle wil baie graag so ‘n liefde sien en beleef.

Hulle verstaan nie ‘n liefde waar mense stil bly as hulle van dinge beskuldig word waaraan hulle nie skuldig is nie – soos Jesus toe Hy deur die Jode onskuldig daarvan beskuldig is dat Hy die Keiser wil onttroon nie, maar hulle wil graag so ‘n liefde sien en so ‘n liefde beleef.

Mense verstaan nie ‘n liefde wat ‘n mens wat deur die wêreld verwerp is omhels soos Jesus met die dief langs Hom aan die kruis gemaak het deur vir Hom te sê: “Ek verseker jou vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”, maar, hulle sal graag so ‘n liefde wil sien en so ‘n liefde beleef en wil deel word van ‘n groep mense wat so liefhet.

Mense verstaan nie hierdie liefde nie, maar hulle het die behoefte aan hierdie liefde. Hulle soek iemand wat hulle ook so lief sal hê, en ons kan vir hulle van hierdie liefde vertel, maar hierdie liefde is ‘n liefde wat gesien kan en gesien moet word. Wanneer die liefde sigbaar geleef word, dan het die handelsmerk van die kerk ‘n goeie reputasie en die mense sal kom.

Wanneer hulle dan deel word van hierdie geloofsgemeenskap wat hierdie nuwe gebod leef, dan gaan hulle agterkom: Dit is omdat Hy ons eerste liefgehad het.

Ek wonder of daar ooit in die geskiedenis van die wêreld ‘n meer noodsaaklike behoefte aan hierdie liefde was as juis nou nie. EK dink nie so nie. Juis nou is die tyd om te bou en te werk aan hierdie handelsmerk van die kerk – onderlinge liefde.

Ek weet daar is ‘n skare van Christene wat hierdie boodskap moet hoor. Ek weet selfs daar is mense in hierdie gemeente wat hierdie boodskap moet hoor. Maar hulle is nie hier nie. Ek en jy is hier.

Daar is een groot voordeel bo die van Toyota en Nestlé, ons het die Gees van God, God self is aan ons kant. Hy stel ons in staat om lief te hê soos Jesus liefgehad het. Hy maak ook dat mense sien en Hy trek mense. So baie kere werk Hy by ons onvolmaaktheid en swakheid en foute verby en word mense steeds deel van die kerk.

Hy is die Een wat die swak reputasie van die kerk kan omdraai; ons weer ‘n stad op ‘n berg; ‘n lig in die duisternis; ‘n oase in ‘n woestyn; ‘n rusplek langs die pad; ‘n rots in ‘n storm; ‘n skuilplek teen die wind kan maak.

Gemeente: Wat is die eerste ding waaraan mense dink wanneer hulle NG Waverley se naam hoor of ons naam lees of hier verby ry? Sou dit nie wonderlik wees as ons as gemeente vir Waverley en die Moot gemeenskap en Suid Afrika en selfs vir die wêreld alles kan wees wat God bedoel het ons moet wees nie.

“Ek gee julle ‘n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.” (Johannes 13:34-35)

Amen